# AfriForum hou partytjie vir bejaardes

**Rustenburg** – AfriForum se Rustenburg-tak het op Saterdag 23 Maart vir die inwoners van die munisipale woonstelle in Kerkstraat partytjie gehou en herstelwerk aan die woonstelle aangebring. Die veld oorkant die woonstelle se gras is gesny en weer mooi skoon gemaak.

Die inwoners is bederf met lekker eetgoed, koeldrank en sommer lekker samesyn. Die oogkundige David Fensham, het ook sy dienste beskikbaar gestel om gebreekte brille te herstel.

"Dit was vir ons as bestuur 'n groot skok om te hoor dat party van die bejaardes al vir vyf jaar sonder warm water is. Ons het besluit om hierdie probleem op te los en te help waar ons kan. Saterdag was 'n groot fees vir die bejaardes. Ons het gereël dat 'n orkes vir die bejaardes speel, wat hulle terdeë geniet het. Ons is ook nou besig om borge te kry om die bejaardes verder te help," aldus assistent koördineerder vir Marico, Sampie Steinberg.


Lede van AfriForum wat die veld skoonmaak.



Van links: Rensa Tarlton en Hannatjie van der Merwe.


Die veld oorkant die Kerkstraat munisipale woonstelle vóór AfriForum ingegryp het.


Die veld ná AfriForum skoongemaak het en die gras gesny het.


Thabiso Morokwane besig om 'n toilet te herstel.

# Vehicle engulfed in flames


Flames erupted from a vehicle next to the road, R24.

**Rustenburg** – On the afternoon of Wednesday 27 March, a vehicle caught fire right before the Arnoldistad turn-off outside of Rustenburg on the R24.

According to an eyewitness, the man was still inside the vehicle as it burst into flames. He grabbed some of his belongings and managed to escape the blaze unscathed before the fire consumed the vehicle. The fire department managed to contain the fire.

# 'Ek was reg voor moed opgee se deur'

## [Brief aan die redakteur]



Na 'n lang dag by die werk bevind ek myself op Maandag 25 Februarie gestrand langs die pad met 'n voertuig wat besluit het... tot hier toe en nie verder nie!

Die son het net begin eenkant toe skuif om vir die maan 'n kans te gee, en hier staan ek vrou-alleen in 'n onbekende area met baie vreemdelinge wat verby ry en staar.

Na 'n oproep aan 'n ongeduldige man wat nie kan verstaan hoekom ek nie die kar se enjinkap oopkry nie, het die trane begin vlak lê. Ek was reg voor moed opgee se deur toe Anell Pretorius, Aletta van Staden en jong Emmaneul Deleid langs my stop en aanbied om te help.

Ek wat niks van karre af weet nie, sê in my onkundigheid so ewe dat ek vermoed dit is die battery. Vinnig spring Anell uit met haar *jumper cables* en koppel hulle aan my kar se battery. 'n Paar draaie van die sleutel wys egter dat my eerste konklusie heeltemal verkeerd was. Sy bied toe aan om die kar uit die pad te stoot en Emmaneul spring vinnig in om te help.

Ek kon sien my Samaritaan was eintlik oppad iewers heen en die goeie daad vat toe nou baie langer as wat hulle beplan het, maar steeds bied sy aan om by my te wag tot nog iemand opdaag sodat ek nie alleen moet staan en wag nie.

In 'n poging om haar vinniger by haar bestemming te kry, bel ek toe voorsitter van Rustenburg Crime Combating Forum (RCCF) Kobus Ferreira, om te vra of hulle dalk iemand het om haar te kom aflos. Frans Schultz en sy familie was vinnig daar en sy kon afstaan.

Manlief het ook toe opgedaag soos 'n ridder op 'n wit perd om te kom help. Dit was natuurlik 'n gilde geleentheid vir Frans om in die pad te val maar ewe geduldig hou hy 'n flitslig en help manlief om die probleem te kry... uiteindelik is die fout gevind.

Weereens moet ek hulp inroep om die voertuig te sleep, 20:00 die aand bel ek my werkgewer, skaam en moedeloos om te hoor of ons die voertuig tot by dit kantoor kan sleep. Sonder om te blik of te bloos spring sy op haar beurt weer op die foon en voor ek my oë kon uitvee is die kar op 'n veilige plek en ek is oppad huistoe.

Die aand lê ek in my bed en besef net weer hoe geseënd ek is dat daar soveel mense is wat bereid was om hulle tyd op te offer om my te help.

In vandag se lewe en gejaag vat min mense nog die tyd om vreemdeling by te staan maar julle het almal hierdie *damsel in distress* gehelp in haar uur van nood.

Baie dankie aan Anell, Aletta, Emmaneul, Kobus, Frans, manlief en my werkgewer wat elkeen hulle deel gedoen het toe ek dit die regtig nodig gehad het.

**'n Baie dankbare dame langs die pad, Rustenburg**

# SUDOKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 8 | 7 | 5 | 2 | | | 6 |
| 6 | 7 | | 3 | | | | 5 | |
| | 9 | 5 | | | | 4 | | |
| 8 | | | | | 9 | | 7 | |
| 7 | | | | | 6 | 9 | 2 | |
| | 6 | 9 | | | 1 | | | |
| | 5 | | | 6 | | | | 4 |
| 9 | | 4 | | | | 7 | | 3 |
| | | | 4 | 2 | | | 1 | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 4 | | | | | 2 | | 5 |
| | | 2 | 3 | | 4 | | 6 | |
| 9 | | | 5 | | | | 3 | |
| 7 | 6 | 1 | | 8 | | | | |
| | | | | 5 | 9 | | 7 | |
| | | 5 | | | | 8 | | 4 |
| | | 9 | | | 5 | 7 | | 3 |
| | 7 | | 6 | | | | 2 | |
| 8 | | | | 4 | 7 | | | |

# RUSTENBURG EMERGENCY CONTACT NUMBERS

**SAPS**

Rustenburg SAPS Radio Control Centre: 014 590 4115/6/7
Rustenburg SAPS Community Service Centre: 014 590 4126/27/39
SAPS Boitekong: 014 593 6001/ 6002/ 6003
SAPS Emergency (cell phones only): 112
SAPS Marikana: 014 572 3100/43
SAPS Rustenburg: 014 590 4112
SAPS Tlhabane: 014 565 9171/54/59

**AMBULANCE**

Ambulance / Metro Control Room: 014 597 6612
Ambulance / Metro Control Room (provincial): 10177

**MEDICAL EMERGENCY**

Med 24/7 (Private): 014 592 7801
ER24: 084 124
NetCare 911: 082 911
Trauma Rescue: 014 594 0689
Ferncrest Hospital (Emergencies): 014 568 4339/8
Peglerae Hospital (Casualties): 014 597 2823

**HOSPITALS**

Ferncrest Hospital: 014 568 4399
Job Shimankana Tabane (JST) provincial hospital: 014 590 5212/ 5100
La Femme Clinic: 014 594 9500
RusMed 24: 014 523 9378/9351

**SNAKE EMERGENCY NUMBERS**

Phillip Snyman – 078 108 4543

**CLEANING SERVICES 24/7**

CIA Crime Incident Accident: 079 498 7606

**FIRE**

Fire Department: 014 590 3232 /3444/3333
Rustenburg Local Municipality emergencies (fire): 014 590 3090

**RTB LOCAL MUNICIPALITY**

RLM Accounts Queries: 014 590 3111
Press 1 for: RLM Emergencies (Fire Dept.)
Press 2 for: RLM Customer Care Supervisor

**ALARMS**

ADT (Control Room): 086 121 2520 / 086 121 2501
Oracle Protection Services: 014 533 3062/3726 / 081 358 4032
Wesalarms: 014 592 8364

**SSR & CPF/GPF**

CPF Sector 1: 061 019 6870
CPF Sector 2: 072 907 0844
CPF Sector 3: 072 204 4847
CPF Sector 5: 082 573 3712
CPF Sector 6: 079 227 9748
Staan Saam RTB: 072 787 2550
Staan Saam Rustenburg Community Watch: 083 296 6949

**SOUTH AFRICAN COMMUNITY CRIME WATCH RUSTENBURG (SACCW)**

079 689 0961

**ANIMAL EMERGENCIES**

Animal Clinic Zinniaville: 014 538 2114
ARAN Veterinary Clinic: 014 592 6007
Bergbos Dierekliniek: 014 533 1959/2084
Bergbos Dierekliniek (A/H): 083 653 1081
Rtb SPCA: 014 592 3181
Rtb SPCA (A/H): 072 933 7723

**WATER**

Water Problem Helpline: 014 590 3088

**ELECTRICITY**

Electricity Helpline: 014 590 3198
Eskom National Line: 086 003 7566

**ROAD & TRAFFIC**

Bakwena N4 Toll Road: 0800 225 9362
Traffic Control Room (Rustenburg): 014 590 3221

**PLATINUM WEEKLY NEWSPAPER: 014 592 5653 / 072 482 6871.**